# Memoires van ’n gatkruiper

**Hennie Greeff**

Kopiereg:  Hennie Greeff

Uitgewer:  Hennie Greeff

ISBN: 978-1-0492-5686-3

Eerste uitgawe:  2026

Druk op aanvraag

Hierdie boek mag nie sonder enige skriftelike verlof van die skrywer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese- of meganiese weg weergee word nie, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, mikrofilm of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Teksredakteur:    Marie Smit

Omslagontwerp: Elsabe Carstens

Bladuitleg:        Elsabe Carstens

Gedruk en gebind deur: Storybook Marketing

admin@storybookmarketing.co.za

Hierdie boek word met liefdevolle herinnering aan ons twee moeders, Anne Wienand en Hettie Visser, opgedra. Hulle het al ons avonture deur ons oë en vertellings saam met ons beleef, ervaar en ondervind.

**Inhoud**


Voorwoord

1 Lesotho

2 Filippyne

3 Indonesië (Noord-Sulawesi en Sumatra)

4 Suid-Amerika (Chili en Peru)

5 Taiwan

6 Indonesië (Suid-Sulawesi)

7 Suid-Korea

8 Sewe jaar in Katar

9 Suid Afrika via Rusland

10 Die dwelmsmous van Doha

11 Oos, wes ...

## Voorwoord

Anderkantland en Duskantland is die twee provinsies van Kammaland. Kammaland is geskep deur die skrywer, terwyl hy een aand laat in die Verre Ooste op RSG na Laurika Rauch se *Mannetjies Roux* geluister het. Hy het so na sy eie land en taal verlang dat hy daar en dan 'n manier geskep het waarmee almal, wat in dieselfde posisie as hy is, met mekaar kan kontak hou en ervaringe uitruil.

Dit was nog voor blogs en bakkiesboek dit maklik en alledaags gemaak het. *Onsdorp*, hoofstad van Kammaland, het tot stand gekom. Sy maandelikse nuusbrief, "Kammanuus", gaan reeds sedert die begin van die eeu na duisende lesers, tuis en oorsee, uit. Besoek gerus www.onsdorp.com om deel te word van hierdie unieke kubernasie.

# 1

## Lesotho

In 1990 verlaat hierdie Kalahari-gebore klipdokter van die Wes-Transvaalse Goudvelde sy geboorteland vir die eerste keer. Kamermaatjie en ek gee ons eerste babatreetjies in die buiteland. Ek noem dit juis net "buiteland" op hierdie stadium. Ons het eers ses jaar later werklik oorsee gegaan – heeltemal uit Afrika uit.

ŉ Kaapse geotegniese firma, met die heel gepaste naam MJ Mountain, gee vir my werk in die berge – daar in die tonnels van die Lesotho Hoogland-waterprojek. Ons pak die meeste van ons goedjies in en stoor die res by familie en vriende.

En daar gaan ons die vreemde in!

Dit was darem nie die heel eerste keer dat ons die landsgrense oorgesteek het nie. Kamermaatjie en ek het al ŉ paar keer anderkant die groot water gaan vakansie hou. Die eerste keer was in 1986 toe ons vir ses weke Kanada toe was vir ŉ konferensie oor mynbou. Hoewel dit ŉ onvergeetlike ondervinding was, het ons al na die vierde week in Toronto begin huis toe verlang – na eie kos, na eie mense en na eie bed. Hoe sou ons dié keer langer uithou?

Wat dit egter vir ons makliker gemaak het, is dat ek die eerste ses jaar maar sommer net oorkant die Suid-Afrikaanse grens gewerk het. Binne twee ure se ry was ŉ mens weer terug in die Vrystaat – terug op eie grond. Ons het vir Skoonma ŉ woonstel in Ficksburg gehuur, waar ons gereeld kon gaan kuier.

By dié waterprojek het ons elke einde van die maand drie of vier dae vry gekry om proviand in Suid-Afrika te gaan inskeep. Jy besef skielik dat sodra jy die dag jou identiteitsdokument wegbêre en dit vir ŉ paspoort verruil, is jy weg van jou mense en jou eie dinge. En dit kos aanpas – sommer groot aanpas.

Jy is nou ŉ ekspat en vir ekspats is daar ander reëls en ander norme, soos ons baie gou sou leer.

Die eerste rukkie bly ek in ŉ klein hotelletjie net buite Butha-Buthe. Dis daar waar ek gebottelde water leer drink het. Vandag sit ons nie meer ons mond aan kraanwater nie. Eerste ekspat-gewoonte.

Die tweede maand sluit Annabelle by my aan en verskuif ons na ŉ woonwahuis in ŉ padkamp in Leribe. Die kamp was reg in die middel van ŉ dorpie. Ons was omring met moddersteenhuisies en gehuggies van sinkplaat – baie soos vandag se informele nedersettings in Suid-Afrika.

Ten spyte van meer as twintig jaar se onafhanklikheid was Lesotho steeds derdewêrelds. Die konstruksiekamp het aan ŉ Ierse kontrakteur behoort. Dié was besig om die teerpad bo-oor die Mafika Lisiu-bergpas te bou. Dit is dieselfde pad wat vandag na die Katsedam loop. Mafika is 3 500 m bo seespieël en is in die winter gereeld toegesneeu. Dis ook op Mafika waar ons gereeld die skaars lammervangers opgemerk het.

Aan die een kant van die sekuriteitsheining om ons kamp is ŉ groot stuk oop grond. Dis die dorpie se sokkerveld. Kinders van die baie skole in die omgewing het elke middag daar bymekaargekom en daar was gedurig mense en veral kinders naby die heining.

As agterdogtige witmense uit die "beskawing" was ons aanvanklik maar baie senuweeagtig en het lig geslaap met een oog altyd oop.

Leribe is sowat 60 km anderkant die grens. Daar kry ons toe ons eerste smakie van hoe dit voel om saam met ander nasies van die wêreld te leef en te werk. Komende van die myne, waar ŉ Lesotho-burger altyd net ŉ arbeider was, vind ek skielik dat die rolle omgeruil is. Hier is hy nie net my eweknie nie, hy is ook my werkgewer. Dit kos drastiese en vinnige aanpassing. Al ken hulle ook die myntaal, Fanagalo, hóé goed, sal niemand daar laat blyk dat hy dit verstaan nie, veral nie tussen hul eie mense nie – dis die taal van die onderdrukker, die slawedrywer daar op die myne.

Ons eerste en belangrikste les: In ŉ ander man se land is en bly jy die besoeker. Gedra jou soos een en jy word aanvaar. Trek dwars en kla, of weet altyd beter, en jy gaan nie oorleef nie.

Om die mense-mengsel nog interessanter te maak, is die plek ŉ internasionale gemeenskap in die kleine: Duitsers, Franse, Russe, Italianers, Filippyne, Sjinese – almal saam in ŉ klein konstruksiekampie.

Gelukkig was daar darem reeds ŉ klompie Suid-Afrikaners, wat ook op soek was na groener weivelde en ŉ beter soldy. Ons kon steeds in tye van nood op ŉ manier laer trek. Dit was presies die regte mengsel van kulture om ons van ons ou gewoontes te speen. So het ons stelselmatig uit die loopgraaf van gemaklikheid geklim.

Terwyl ons nog die permanente kamp, naby Ha Lejone, bo-op die berg gebou het, moes ek daagliks met ŉ Toyota-viertrek-bakkie pendel – die gevestigde en erkende werkesel van die projek. Dit het egter langer geneem om werk toe en terug te ry as wat ek gewerk het.

Ons terreinkantore het uit twee skeepshouers, wat langs die rivier afgelaai is, bestaan. Die Malibamatsorivier en -vallei was nog heel ongeskonde en ŉ mens kon jou skaars indink dat daar oor slegs ŉ paar jaar ŉ lang reusedam sou wees, waar daar eers net ŉ rivier met klein nedersettings hier en daar en ŉ paar mielielande teen die boomlose berghange was.

So van bome gepraat – daar is amper net so min bome in Lesotho as wat daar krokodille is. Al het hulle ook die embleem van ŉ krokodil op hulle vlag, is daar geen rekord dat daar al ooit een in Lesotho opgemerk is nie. Hulle hou egter vol dat daar ŉ bielie van ŉ tanneman in die Malibamatsorivier lewe!

**Klipgooi en klokreëls**

Sommer gou kom ons eerste beproewing. Xenofobiese onluste breek in Lesotho uit. Buitelanders, en veral die Sjinese en Indiër-winkeleienaars, word geteiken. Daar word klipgegooi en hulle plekke is afgebrand. Skote klap. ŉ Mens is bang om binnenshuis regop te loop. Die mure is maar van dun karavaan-aluminium. Ons beweeg dus heeltyd gebukkend en ook net as ons moet. Daar word dekking geneem en ons lê plat op die vloer en kruip soos krokodille rond wanneer die skote te naby klink.

Padblokkades is deur die weermag opgestel. ŉ Klokreël word afgekondig en almal moet lank voor donker in die kamp terug wees.

Na die derde dag van onluste en plundery klop daar teen skemeraand iemand dringend aan ons "parkhome" se agterdeur. Ons eenheid staan juis sommer neffens die kampdraad. Met ŉ onstuimige hart besluit ek om maar die deur oop te maak. Wat anders kan ŉ mens doen? As mense wil inkom, sal ŉ doringdraadheining hulle nie keer nie.

Met die grootse kombuismes in die hand maak ek die deur op ŉ skrefie oop. ŉ Beteuterde Filippynse familietjie van drie mensies staan voor my op die trappie. Die pa is ŉ voorman wat saam met ons werk. Hy vra my met angs in sy oë of hulle asseblief kan inkom. Hulle dogtertjie is popklein. Ons bied koffie aan. Bewerig, die angs nog vlak in die oë, vertel hulle hoe hulle uit hul huis in Leribe moes vlug. Hulle word ook vir Sjinese aangesien. Dis juis die Sjinese wat aangeval en wie se winkels afgebrand word. Toe die kleintjie die woord Sjinees hoor, staan sy skielik regop en ruggie agteroor gebuig, verklaar sy trots-kwaad: "Me no China, me Pilliepieno!" Die Filippyne kan nie die letter "f" uitspreek nie. Ek nooi hulle om oor te bly.

Duidelik dankbaar vertel hy my van sy familie se noue ontkoming en hoe die plaaslike bevolking hulle met klippe gegooi en met messe gedreig het. Ons het gelukkig ŉ klein spaarkamertjie en so bly hulle ŉ hele week by ons totdat die situasie weer begin bedaar het.

Met die gesukkel met padblokkades kom daar darem ook die lekkerte. Waar ek gewoonlik reeds voor sonop pad gevat het berge se kant toe, moes ek nou noodgedwonge bly tot na ŉ heerlike brekfis wat Kamermaatjie aanmekaar geslaan het!

Steeds pendel ŉ paar van ons daagliks oor die Mafikapas, wat nog in aanbou is. Soggens vroeg is dit meestal skoolkinders wat ŉ mens langs die pad kry. Omtrent almal het een of ander uniform aan – ŉ nalatenskap van die menigte sendingstasies en die Britse koloniale invloed.

Lesotho is een van die lande in Afrika met die hoogste geletterdheidsyfers, maar die tragiese deel is dat daar vir die meeste mense nie werk is nie. Hoewel ons onder streng opdrag was dat ons niemand langs die pad mag oplaai nie, kon ek dit soms net nie oor my hart kry om verby te ry nie, veral nie as dit een van daardie snerpende koue Lesotho-oggende met die windjie reg uit die Suidpool is nie. Die probleem is, as jy stilhou, wil almal opklim. Ek kies dus die groepie wat nie die bakkie gaan oorlaai nie. Natuurlik wil so veel as moontlik voor inklim en word daar fluks gestoei voor die vier of vyf vinnigstes en wakkerstes jou styf teen die kantdeur vaspen soos nog ŉ laaste enetjie wil inpas. Dan maak ek seker dat hulle kant se deur mooi toe is en kyk of elkeen agterop sy sit gekry het. Almal sit styf teenmekaar soos opgepofte mossies op ŉ draad.

In die laaglande was daar juis ŉ ongeluk waar een van my kollegas sy bakkie, met ŉ klomp skoolkinders agterop, om ŉ draai omgegooi het. Hulle het gelukkig net ligte beserings opgedoen, maar die nadraai was ŉ uitgerekte storie tussen die ouers van die beseerdes, ons maatskappy en my arme werksmaat.

My voorkeur was om liewer meisies op te laai. Met vier of vyf lyfies saam met jou in die kajuit ruik jy in die eerste plek paraffien, omdat die primusstoof en die paraffienlamp steeds die voorkeur hitte- en ligbronne van Lesotho is. Lesotho-seuntjies is glad nie so lief vir seep en water soos die meisies nie. Glo my, op ŉ nugter maag is dit nogal ŉ belangrike oorweging.

ŉ Paar kilometer verder sal een dan aandui dat ek maar kan stilhou, hulle skooltjie is naby. Ek en my gereelde saamryers leer mekaar ken en hulle word my eerstehandse bron van die inligting oor die lewenswyse en wel en wee van die Basoeto van daardie area.

Machabeng, ons permanente kamp anderkant die Mafikapas langs die Malibamatsorivier, vorder fluks en ek maak gereeld daar ŉ draai op pad werk toe. Ons klompie stry oor watter huis die beste ligging gaan hê. Elkeen het reeds sy oog op ŉ gunsteling.

In Ha Lejone stop ek gereeld by wat ŉ mens as ŉ winkelkafee kan klassifiseer. My een werksmaat het my die plek gaan uitwys. Volgens hom kry jy daar die beste *maghoenjas* in dié geweste. *Maghoenjas*, uitgespreek soos *-ghoen-*, is Lesotho se weergawe van ŉ vetkoek – net

kleiner, ronder en soeterig. Dis omtrent die grootte van ŉ gholfbal. Dit word in diep olie gebraai, en as dit ou olie is, slaan daar lampolie deur. Vir ŉ rand of twee kry jy ŉ ses-stuks maghoenjas in ŉ bruinpapiersakkie. Dis heerlik saam met ŉ koppie koffie by die werk. Dit was die eerste van vele smaakervarings wat ons nog in ander lande sou beleef.

Daar is so baie wat ŉ mens oor ons ses jaar in Lesotho kan vertel dat ek ŉ aparte boek daaroor kan skryf. Nou gaan dit egter oor ons ondervindinge in die meeste van die lande waar ons vir vyf-en-twintig jaar gewoon en gewerk het, en daar is net plek vir enkele insidente in die "Koninkryk in die lug", soos Lesotho ook bekend staan.

**Daar waar die lammervanger draai**



Gedurende die aanbou van die hoofroete na die Katsedam was daar talle ongelukke op die Mafikapas. Meestal met noodlottige gevolge. Byna al die ongelukke was as gevolg van remme wat onklaar geraak het. ŉ Mens leer baie gou dat om knaend briek te trap net nie werk nie. Jy moet jou spoed met jou ratkas beheer. Net nou en dan kan jy die brieke so ŉ bietjie pomp as jy sien die spulletjie wil begin weghardloop en dit klink asof die enjin onder die kap wil uitklim.

ŉ Ander keer kry ek een van ons Poolse inspekteurs bo-op die pas toe ek na werk op pad laaglande toe is. Bogdan se bakkie het sonder petrol gaan staan. Sal ek hom tog nie asseblief op sleeptou neem tot by die naaste pompe nie? Dit beteken egter al die pad Leribe toe. Maar ŉ mens los mos nie ŉ maatjie daar op die berg nie, en ons prakseer ŉ lang sleeptou deur ons bakkies se toue aan mekaar te bind. Ek vertel hom mooi dat hy sal moet help briek met die afgaan, sodat die tou styf bly. So gesê, so gedaan en daar gaan ons.

Skaars honderd meter verder is sy bakkie kort op my gat. Ek moet noodgedwonge vet gee om die tou weer styf te laat span. Dit help niks. Hoe meer gas, hoe vinniger kom Bogdan. Dan gee ek maar nog ŉ bietjie petrol. Ek gebruik later al die vloekwoorde in die woordeboek en dink sommer ŉ paar nuwes ook uit. Nog nooit het ek daardie pas so vinnig afgery nie. En dit nog met ŉ ou so kort op my hakke nie!

Toe ons uiteindelik onder aftrek, klim die vent, met oë so groot soos pierings, uit – spierwit van gelaat. Toe sou ons besef dat die remme deur die enjin gehelp word. Maar dan moet die enjin loop! As die enjin nie loop nie, is daar byna geen brieke nie en skaars ŉ handrem. Mettertyd het ek Bogdan darem vir die petalje vergewe.

Ons was ŉ hele mengelmoes van nasies wat noodgedwonge moes saamleef en mekaar se gewoontes leer respekteer, of darem net in die proses probeer verstaan.

My eie bydrae was om ŉ koerantjie uit te gee waarin mense met mekaar kon kommunikeer. Aanvanklik was die idee om sosiale geleenthede aan te kondig en nuuswaardighede en nuutjies in die afwesigheid van TV uit te dra. Onthou, daardie tyd was die internet nog in babadoeke en ons nog skaars van telekse gespeen.

My nuusbrief het die naam *Molomo* gekry, wat "mond" in Sotho beteken. Vanaf skooldae het ek al die drang gehad om eerder mense se alies te krap as te kielie. Die hoop was om in die proses die lekkerte van gesonde konfrontasie uit te wys. Miskien wou ek nog maar altyd net skryf. Skrywers het mos lisensie om te mag skinder. En wat is nou lekkerder as om ŉ sappige storie eerste te kan vertel? ŉ Mens kom gou agter wie die storiedraers en skinderbekke is. Om identiteite te beskerm, het ek ŉ soort sepie begin skryf waarin die karakters fiktief was, maar tog ook nie. Nogtans was daar amper ŉ paar skeisake as gevolg van my verhale.

ŉ Mens kan jou indink wat alles in ŉ afgeleë plekkie soos Machabeng kan gebeur, waar ŉ hele klomp enkelinge tussen ŉ groep getroudes bly.

ŉ Ontstoke dame of twee het soms by my opgedaag en aangedring ek moet bieg dat van my karakters hulle mans is.

Een keer was ek onwetend so na aan die waarheid, dat die vrou, wat bekend was as "Legs Eleven" weens haar besondere mooi lang bene, haar man gaan voorlê het en toe ook juis toe hy die kat in die donker wou knyp, betrap het. Sy het hom so goed bygekom dat hy vir ŉ week siekteverlof moes neem.

Die kontrakteurskroeg in die "onderdorp" is deur veral die ongetroudes en hul meisies ondersteun en het gereeld vir goeie sports gesorg. As teenvoeter, en om hul mans in toom te hou, het van die meer gematigde inwoners die klubhuis langs die tennis- en muurbalbane as informele restaurant begin gebruik en gereeld dinees en danse met tema-aande daar gehou.

Ek en Annabelle het ook besluit om ons eie hoenders aan te hou vir vars eiers en dalk ŉ vars hoendertjie ook so nou en dan. Maak ons toe die fout om elkeen ŉ naam te gee. Wie kan nou ŉ hoender met ŉ naam eet? Hendrik Bosman, die opmeter, bring op die koop toe vir my ŉ lekker groot haan om te sorg dat daar ook ŉ aanwas van hoenders is. Die meneer ontwikkel toe die gewoonte om nog lank voor sonsopkoms, op die jaart se hoekpaal te spring en dan die hele wêreld wakker te kraai. Net agter my het Ariane Joneret ŉ jong Franse geoloog gewoon. Baie vroeg een oggend, seker nadat sy lekker gekuier het die vorige aand, hoor ek haar in die donker kliphard met ŉ sterk Franse aksent my naam in haar taal skree sodat omtrent die hele kamp haar kan hoor: "Aanrie, Aanrie, your cock is disturbing me!" Ek is weke lank daaroor gespot.

Een van my meer aangename take was om besoekers by die projek te ontvang en dan in die tonnels in te neem. Op ŉ dag kom my baas hoogs dikbek my kantoor in en vertel my die nuwe klomp besoekers is eintlik ons opposisie vir die volgende fase! Ek moenie te vriendelik met hulle wees of te veel vertel oor hoe ons dinge doen nie.

A nee a, hoe kan enige een dít nou van ons verwag! Hulle word nogal ewe per weermaghelikopter ingevlieg! Soos die Voorsienigheid dit wou hê, het ek die meeste van die vlieëniers geken. Hulle het almal hul opleiding in Rusland ontvang. Nie dat dít ŉ mens gerus moes stel oor hul vliegvermoëns nie! Dit was egter altyd vir my ŉ voorreg om saam met die Lesotho-weermaghelikopters na die hoogste pieke, waar ons ons radionetwerk se senders in aangepaste skeepshouers gehad het, te vlieg. Al was die houers op die mees onherbergsame plekke geplaas, het die beeswagters hulle altyd gevind en probeer plunder. Elke keer wat ons daarheen moes vlieg om herstelwerk te doen, kon ek die vlieëniers ŉ bietjie uitvra oor hulle ervaringe.

Terwyl ek en Lucky eendag daar doer bo – ŉ entjie van sy Bell-helikopter af – teen ŉ klip na ŉ lammervanger wat hoog draai, sit en staar, vertel hy my waarom sy naam Lucky is.

“You know that it is commonly known that a helicopter pilot has only one accident if he has one at all?” merk hy doodluiters op. Dan, terwyl hy effe op sy sy draai, vryf hy oor sy oorpak waar sy linkerboud veronderstel is om te wees: “See? I have no left bum!” Hy laat hang die stelling ŉ rukkie in die lug vir dramatiese effek. “... and that happened during my second accident!” Hy glimlag breed. “That’s why my fellow pilots call me Lucky!”

Die opposisie-besoekers land toe so teen tienuur nadat hulle verskeie kere die vlug vanaf Maseru moes uitstel weens gure weer. Dit was nie eintlik vir my nodig om hulle stief te behandel nie, want aan die baie bleek gesigte kon ek aflei dit was ŉ rowwe rit.

Na die tonnelbesoek ry ek saam met die bussie om hulle by die heliplatform te gaan afsien. So in die ry vertel ek hulle van vlieënier Lucky se twee gespaarde lewens en hoe uitsonderlik dit is. Met die uitklim, stap ek reguit na die helikopter toe en groet luidkeels vir Lucky. Eintlik is dit nie mooi om te sien hoe ŉ grootmens skielik uit naakte vrees vassteek nie. Ons kon die een besoeker byna nie uit die bussie kry nie, newermaaind nog in die helikopter!

Terloops, ek het verneem Lucky het toe nie sy derde ongeluk oorleef nie. Hy het in die ongeluk, waartydens ŉ Lesotho-lugmaghelikopter in die Katsedam geval het, verdrink.

**Dagga groei soos onkruid**

Net om die kamplewe nog meer interessant te maak, het die dagga mos sommer wild in ons tuine gegroei. Dit het soos kakiebos opgekom en almal het gemaak of hulle nie weet hoe ŉ daggaplant nou kwansuis lyk nie. Agter ons kantore was ŉ bos of twee wat met sorg vertroetel is. Die tonnelboormasjien se voormanne het prontuit erken dat hulle werkers nie so lekker kon funksioneer sonder ŉ teugie aan dié omkyktwak nie.

So besluit Annabelle en my een buurvrou, Elsje, om vir my ŉ verjaardagmakietie by ons huis te reël maar een met ŉ verskil. Dié twee het juis voorheen gekla dat sekere van ons genooide gaste nooit eintlik wil gees vang nie en altyd vroeg loop.

Daardie aand word toe twee slagysters gestel: As die stil klomp nie gaan eet van die spesiale koekies met die groen kleur nie, sal hulle ten minste aan die vars tuinslaai proe.

Nodeloos om te sê, die son se opkoms het maar net beteken almal kon beter sien met wie hulle aan’t dans was. Eertydse preutse en vorige suurgatte het sulke behoorlike gedaanteverwisselings ondergaan, dat ŉ mens hulle skaars kon onderskei van die gewone guitiges en stuitiges wat ons voorhuis gevul het.

Die enigste probleem was om die bittereinders te laat pad vat. ŉ Mens vergeet hoeveel oemf die daggablaartjie aan party mense kan verskaf. So teen middagete het die doef-doef van my hoëtroustelbas, waarna die ganse omgewing deurnag moes luister, stilgeraak.

Slegs die mannetjie met die hamer in my kop wou nie bes gee nie. Eers teen slapenstyd het hy sy gereedskap neergelê!

**Volop voëls in Lesotho**

En so ontluik ons belangstelling in voëlkyk. Die voëllewe was geil en volop. Behalwe vir die LBJ’s (Little Brown Jobs), kon ons talle nuwe name op ons lysie byvoeg. Ywerig is die Roberts- en die Sasolhandleidings nadergetrek om die Drakensbergse sysies, wat hulself so eie gemaak het in ons tuine, uit te ken. Daar was selfs ŉ sysienessie in die bek van een van ons tonnels. Die feite oor die statige lammervanger is gulsig nageslaan toe ons hom hoog in die berge opgemerk het.

Vir party voëls het ek sommer my eie name gegee, soos die “selfmoordvoëltjie”, ʼn tipe bruin lyster wat oor die pas se teerpad skielik skuins voor jou motor verbyhardloop en rakelings dit vermy om platgetrap te word. Of die kamikaze-kraaie wat al swewende, en sonder om ʼn vlerk te klap, langs die motor tred hou as jy met die Mafikapas afgery het, so asof hulle jou wou uitdaag om hulle te wen. Dit het soms moeilik gegaan om jou aandag op die kronkels van die steil pas te hou.

Die ryk voëllewe het my eerste en enigste stuk rotskuns geïnspireer. Suid-Afrika was in die negentigs se oorgangsfase en die politiek het behoorlik met ons mense se gemoedere wipplank gery. Die moontlike vrylating van Nelson Mandela was hewig onder bespreking. Hoog op in die pas het ek toe “Nelson ain’t no seagull” met wit sproeiverf teen die swart basaltkranse gaan spuit, en verder af, amper heel onder voor jy die laaste draai vlaktes toe vat, het ek die slagspreuk voltooi: “He is a jailbird.”

En toe kom professor Ordino Kok van die Departement Voëlkunde van die Universiteit van die Vrystaat by ons kuier. Hy wou kwansuis die bedreigde kaalkop-ibis kom navors. Al gehoor van die voël? Daardie reieragtige, vreklelike spesie kan myns insiens nie anders as om uit te sterf nie, omdat hy juis so hoog in die yskoue sneeubedekte berge moet nesmaak. En dan is hy nog vreeslik kieskeurig oor waar hy wei en watter kos hy eet wanneer hy afvlieg Vrystaatse mielielande toe. Die professor het my sluimerende voëlkykgewoontes beslis weer aangewakker. Met hernude ywer is die Roberts nadergetrek en is daar gelees oor watter voëls in Lesotho aangetref word.

**Nonnie**

Ons het pas kantore verskuif na die Pelanengtonnel in ʼn pragtige, ongerepte klofie. Die Pelanengrivier was vol reënboogforelle, en waar daar vis is, is daar voëls. Die nuwe pad werk toe was al langs die Malibamatso op, sommer daar onder in die vallei, vlak by die rivier.

Een oggend op pad verbeel ek my ek sien ʼn titseltjie beweging oorkant die rivier teen die ruwe swart en grys vertikale rotswand, daar waar die stroom deur die eeue heen sy elmboogdraai uitgekalwer het. ʼn Ideale plek, dog ek, vir ʼn roofvoël om nes te maak. Ek ry stadiger en fynkam vir die kenmerkende wit misstrepe wat soms hul neste weggee. Niks. Oortuig dat daar iets móét wees, besluit ek om na werk daar stil te hou.

Laatmiddag trek ek af, naastenby waar ek die beweging gesien het. Lank sit ek en staar na die gespikkelde rotswand oorkant die stroom. Steeds niks. Net toe ek vorentoe leun om die sleutel te draai ... daar sit sy! Amper ʼn halwe meter hoog, penregop en statig. Sy kyk my vol in die oë. Dit was die begin van ʼn lang en intieme verhouding. Nonnie, soos ek haar gedoop het, was ʼn Kaapse ooruil (Bubo capensis) wat by die Malibamatsorivier, langs my pad werk toe, kom nesmaak het. Nonnie se spesie is nou wel op die heel onderste trappie van die oorlewingsgevaarlys, maar ek het haar en haar nes bewonder asof dit die laaste broeipaar van die familie Strigidae was, en het ook ons ontmoetings met streng geheimhouding gereël.

Ek het spesiaal vroeër opgestaan en dan langs die pad gewag totdat die son opkom, sodat ons twee mekaar kon bestudeer. Ek het aanvanklik gehoop om betyds daar te wees as sy terugkom van haar nagtelike jagtogte, maar ek was altyd te laat. Ook maar dom. Sy was reeds daar as die oggendsonnetjie hoog genoeg van Natal af geklim het om die diep vallei se naskemering te verdryf. Min het ek geweet ... sy was nooit weg nie!

Later sou ek oplees en self sien hoe manlief die hele tyd vir haar kos aandra, terwyl sy vir vier of vyf weke pal op die eiers sit om hulle uit te broei. Hoewel ek presies geweet het waar sy gesit het, was Nonnie so goed gekamoefleer dat haar spikkels presies gelyk het soos die klip agter haar. Ek moes elke keer eers lank en stip kyk tot sy haarself weggee met daardie pragtige groot, ronde, geel oë.

Dit was met groot lekkerte dat ek die dag daar was toe die eerste uilskuiken uitgebroei het. Dit moes die nag al gebeur het, want toe ek stop, was ma al doenig om haar nuwe babas te voer. Dis eers tóé dat ek besef: Pa was ook die hele tyd in die omgewing en het my seker heeltyd met ŉ geel houtoog vanaf ŉ ander uitkykpos dopgehou terwyl ek sy vrou afloer. Hy was effe kleiner as Nonnie en het, soos dit ŉ goeie pa betaam, helderoordag, veral vroegoggend en laatmiddag, gaan jag en dan opgedaag met heerlike happies muis, akkedis en selfs ander voëls vir die gulsige tweeling. Ek het die familie elke dag wat ek kon, besoek, totdat die twee jong uiltjies op hulle eie kon vlieg. Kort daarna is die hele gesin daar weg na hul nuwe jagvelde.

**Weer te voet**

Dit was gedurende die dae toe ek en Annabelle nog kon stap en voor ons weg is Lesotho toe, wat ons deel was van ŉ informele stapklub van sowat tien of twaalf stappers. Hulle het gereeld gesorg dat ons die land met dapper en stapper deurkruis. Bekende staproetes soos die Blyderivier- en selfs die Otterpadroete is afgemerk op ons kluitklaplys. Ook minder bekendes soos Suikerbosrant en selfs heel nuwes wat ons self afgebaken het, is aangepak.

Ek dink byvoorbeeld aan die een naby Rustenburg wat ons die *Funa Manzi* gedoop het. Dit is Fanagalo vir *die soeke na water*. Daardie keer het ons erg verdwaal en só min water gehad, dat ons byna dood van die dors was. Dit was so hittete of ons was kos vir die einste witkruisarende, waarna ons juis so gesoek het.

Steeds lus vir die wandelpad, besluit ek en Annabelle om een naweek al langs die Malibamatso af te stap, vanaf Ha Lejone tot by die terreinkantore. Vyftien kilometer soos die kraai vlieg, maar baie verder berg op en berg af.

Aangesien ons al baie jare aan't stappe is, is ons toegerus met die nodige: rugsakke, stapskoene, waterbottels, slaapsakke, gasstofies en selfs die allernodigste flessie slangbytserum. Nou nie dat dit jou juis teen slange gaan beskerm nie. Ons maak dié doepa deur gelyke hoeveelhede wiskey en Drambuie- of Glayva-likeur te meng en in ŉ heupfles saam te dra. Maak net die kiewe lekker warm en laat ŉ mens baie diep slaap.

Ons het toentertyd twee honde gehad: Sheba, ŉ Dobermann-dame en Province, ons dapper klein Maltese poedel, wat in die winter getrou haar blou-en-wit streeptruitjie gedra het. Hoe lekker was dit altyd om saans buite uit volle bors vir Province nader te roep! Jou lekker ding! Ek kon net sowel op Nuweland gewees het! Die einste Province het ŉ vreeslike keel opgesit as ons sou waag om by die tuinhekkie sonder haar uit te loop. Daar was ŉ reuserots voor in ons rotstuin. So groot, dat die kontrakteur dit spesiaal vir my met ŉ laaigraaf moes kom aflaai het – die verskoning was kwansuis omdat ek mos ŉ klipdokter is!

Province sal bo op die rots stelling inneem en sodra Kamermaatjie buite sig verdwyn, sit en huil sy haar eie tragiese weergawe van ŉ area uit La Traviata. Droefgeestig continuendo ... Om klagtes oor dieremishandeling te vermy, besluit ons toe dat sy maar moet saamgaan!

Die eerste entjie het sy uitbundig saamgedraf, oral gesnuffel, gesnuif en visitekaartjies gelos soos dit ŉ dame van haar stand betaam. Gaandeweg begin ons egter die steiltes vat. Later moes

ons haar begin optel teen die berghange. Die beentjies is bra kort. Ons kom toe op ŉ trop beeste af. Dit was die eerste keer in haar lewe dat Province so naby sulke groot dierasies kom. Heldhaftig storm sy op hulle af. Hulle gee sowaar nie pad soos Province verwag het nie – staan eerder nuuskierig nader – ook nog nooit so koddige, raserige affêretjie teëgekom nie! Met die eerste *moeee* van die naaste koei steek sy vas en kyk na ons: Wat moet ek nóú doen, julle? Geen raad. Dan blaf ŉ dapper hond maar vrouhaftig vir weerstand. Al reaksie: ŉ kring wat nóg nader staan. Toe een koei haar poot ŉ slag hard neersit, gee die dapper stapper een angstige tjank en kom skuil agter my bene. Die beeste verloor gou belangstelling en ons beweeg aan.


Dit was hoeka sommer gewone beeste – die soort wat ŉ mens oral op gelykwêreld kry. Nie daardie spesiale linksom of regsom tipe, wat eie aan Lesotho is nie.

Laat ek eers verduidelik: ŉ Bees hou mos nie daarvan om op en af teen ŉ steilte te wei nie. Hulle beweeg liewer sywaarts. Die Basoeto se beeste is vir die steil hellings van die Maluties aangepas. Noem dit evolusie as jy wil. Party se regterbene het effe korter geword as hul linkerbene – die sogenaamde regsom-variant. Dan kry jy ook die linksomtipe, met linkerpote weer korter. Albei soorte loop mooi regop, solank as wat hulle net in die regte rigting wei. As ŉ linksombees sou probeer om regsom te probeer draai, val hy om! Glo my, gaan kyk maar self ...

Dis laatmiddag en ons en Province moes nog berguit om so hoog as moontlik tent op te slaan. So verlate soos Lesotho mag voorkom, skop jy agter elke bos ŉ beeswagtertjie uit. Om dus relatief alleen te wees, moet jy hoogte kry en ver van die naaste modderhuisies af kampeer, anders is daar gedurig ŉ paar bakhandjies wat *bon-bon* kom bedel. Daar moes op ŉ tyd Franse sendelinge gewees het, en daarom noem die kinders vandag nog lekkergoed so.

Province raak al hoe verder agter en toe Annabelle haar optel, sien ons haar pootjies is deurgeloop. Al raad is om plek in ŉ rugsak te maak. Toe kyk Mêddem tevrede rond vanuit haar torinkie, terwyl ons verder die steiltes uitbeur. Dit was al diepdonker toe ons drie die tweemanstentjie opslaan en die gasstofie onder die koffiewater se gat sit.

Ek weet nie hoeveel van julle al so hoog onder die sterre kampeer het nie? Net ŉ Kalaharinag is mooier. Dit is asof ŉ mens soveel nader aan die hemel is. Elke ster veg daar vir ŉ plek in die swart satyn van die hemelkombers. Ons soek na die Magelaanse wolk. Jy sien hom helderder as die oog effe verbyhou. Andromeda. Ongelooflik om te dink dit is ŉ sterrestelsel op sy eie. In ons verbeelding sien ons Oordt se Wolk waar meteoriete hulle reis begin; die pikgitswart van The Deep Sky se oneindige donkertes – waarvan niemand die eindpunt weet nie.



In die Kalahari sou ons die roep van die jakkals kon hoor. Daar in Lesotho, so hoog op, hoor jy net die geloei van die wind en nou en dan die tjankblaf van ŉ brak by ŉ stat – ver doer onder.

**Oorkant die Senqu**

Met ons tuiskoms wag Alain Truyts ons in. Hy, sy vrou, Esther, ŉ vriendin, met nog ŉ ander jong siviele ingenieur uit die Kaap, wil vanaf Lesotho oor die berge tot in Natal stap, nes die Voortrekkers van ouds, net ŉ korter en baie steiler roete. Wil ons saamgaan?

Ons is vuur en vlam en dadelik begin die beplanning. Michael Fatla, die maatskappy se voertuigbestuurder, en sy maat sal ons in twee dubbelkajuit-Hilux 4x4-bakkies gaan aflaai by die Senqu, die oorsprong van die Oranjerivier.

Ons ses kom by Alain-hulle se huis bymekaar. Hy gaan deur die lysie van wat absoluut nodig is vir ons epiese uittog na Cathedral Peak Hotel aan die Natalkant van die Drakensberge. Milla McLachlan en Michael Chemaly, die twee enkelinge in die groep, bevestig hulle het alles en nog wat, veral die nog wat ...

Ons kyk Michael se reuserugsak skepties aan. Die ding lyk moers swaar. Hy lyk egter jonk en fiks, so ons sê maar niks nie. Ons bespreek die weer. Dit lyk nie te goed nie. By ons in Ha Lejone is dit bewolk. ŉ Mens kan egter nie sê hoe dit in die Senquvallei gaan lyk nie. Daar is darem sprake van opklaar na die naweek se kant toe.

Ons stem saam om eers by die vertrekpunt finaal te besluit. Vieruur Vrydagoggend spring ons weg. Dit skud en skommel in grou mistige weer en die pad word al hoe ruwer en smaller.

Dan is die bruisende Senqu skielik voor ons – kant en wal van die onlangse reën. Gaan ons omdraai of nie? Ons vra ons drywer, Michael Fatla, of hy kans sien om ons deur te neem. Hy sê hy gaan die Hilux in ekstra lae rat gooi. En daar gaan ons. Michael is nie ŉ banggat nie.

Ek, Annabelle en Milla is in die eerste voertuig. Die rivier is dieper as wat ons gedink het. Die water spuit deur die rubberomhulsel van die ratHefboom. Die bakkie bokspring oor die spoelklippe soos ŉ wilde wasmasjien waarvan al sy onderdele gaan loskom. Sy gat begin wegswaai soos die stroom stoot. Michael se oë is groot sirkels as hy vinnig my kant toe kyk. Net toe ons dink dis nou wegspoel en verdrink, lig die immer gewillige Hilux sy neus stomend uit die kolkende waters van die Senqu en beur met ons teen die wal uit. Ek slaak ŉ hoorbare sug van verligting en kan fisies voel hoe die boude ontspan.

Toe is dit die ander bakkie se beurt. Dit lyk of hy die St. Vitus-dans doen. Ruk en pluk eers die kant toe, dan daardie kant toe; gooi brullend die viertrek-vloermoer. Die passasiers bons soos lappoppe heen en weer, ten spyte van vasskop en klou aan al wat vatplek is.

Dié keer gee die hele bakkie ŉ skewe bokspring soos die stroom hom beetkry en begin sywaarts soos ŉ krap beweeg. Op die laaste oomblik gryp die voorste wiele wal en storm langs ons verby soos hy afstand tussen hom en die water soek. En hulle moet nog terug ook! Met ŉ tikkie onrustigheid, gemeng met ŉ groot klomp avontuurlus, kyk ons bekommerd hoe die Hilux oor die klippe tot oorkant op vaste aarde terugbons. Dankie tog! Ons waai vir oulaas. Dalk sien hulle ons in hul truspieëls.

**Ses verlate wesens**

Nou is dit te laat vir omdraai. Dit is net ons en die natuur – die massiewe Maluti's voor en die bruisende Senqu agter. Aanvanklik gaan dit redelik goed en ons bly bymekaar. Dit is mistig. Jy sien nie eers die bergpieke nie. ŉ Bedekte seën, want toe die sonnetjie uiteindelik teen elfuur deurbreek en ons kyk af ondertoe, is ons skaars halfpad op teen die eerste helling. Ons agterente trek al klaar gereeld magneties na die naaste plat klip. Alain weet egter daar is baie meer meters voor en is meedoënloos in sy aanhitsing om voor donker hoogte te bereik. Michael Chemaly bly terugval en word sigbaar bleker. Bekommerd oor sy welvaart, bied Alain en Esther aan om sy rugsak om die beurt te dra.

Die eerste dag se klim was omtrent net opdraand. Sowat tien kilometer ver in die rigting van die Mweni Cutback-gebied op die eskarpkant. Daardie area word allerweë beskou as een van die mees ongerepte en wildste gebiede in Lesotho. Dis ŉ pragtige natuurskoon, hoog in die lug – amper tot teen die hemel. Onder normale omstandighede is 10 km se stap nie te ver vir stappers nie, behalwe hier waar die lug dun en die helling baie steil is.

Vroeg namiddag verlaat ons die Malutiberge en raak die grond meer gelyk aan die Drakensbergkant. Ons begin meer spoed optel. Die teiken is Ledgers se grot. Alain bestudeer kort-kort sy lugfoto van die area. Laphoed in die hand krap hy sy kroontjie. Elke keer as hy aanstryk, verander hy baie subtiel so ŉ bietjie van rigting. Met geen werklike voetpaadjies nie, stoei jy jou eie pad deur die lang berggrasse oop. Daar is min plekke op hierdie aarde waar mense nog nie spore getrap het nie. Hierdie is een van hulle. Bokant ons kring ŉ eensame lammervanger. Hoop hy dalk dat een van ons weerloos sal uitsak? En dat dié een se beendere, witverbleik in die son, sal agterbly?

Uiteindelik, na ŉ paar vrugtelose Kaapse draaie, kondig Alain aan dat ons miskien so ietwat verdwaal het – êrens tussen niks en nêrens, bo-op die Drakensberge. Ek wonder vandag nog hoeveel onnodige kilometers ons daardie dag afgelê het.

"Wag julle hier, dan gaan verken ek vooruit," sê Alain en gooi sy rugsak af.

Almal verwelkom die blaaskans terwyl die ekspedisieleier pad vat na die oosterkim. Esther kyk hom bekommerd agterna. Verdwaal hy, is ons almal aasvoëlkos. Ons bly egter kalm en maak tee. Miskien slaap ons vanaand nog hier.

Die son begin sak en ŉ ysige windjie steek op. Esther sien eerste die wuiwende figuur wat in die skemering op die eskarp se rand verskyn. Alain het Ledgers se grot gevind!

Hy wag vir ons op die rand van die afgrond. Ons is nie in die wolke nie, ons is bokant hulle! Onder ons, ingepak soos reusebolle watte vir so ver as wat die oog kan sien, strek ŉ donsige, wit wolkkombers.

Alain beduie waar Ledgers is: ŉ Gapende gat in ŉ amper loodregte krans, so twintig meter onderkant ons. Van hier bo af lyk die lysie na die grot toe maar blêrrie nou. Ek skraap moed bymekaar. Gelukkig het ek gedurende my skooljare baie keer Tafelberg uitgestap. Ek help vir Kamermaatjie met haar rugsak en ons begin afklim.

Agter my hoor ek hoe Alain en Esther stry kry.

"Dis nie nou die tyd om vir my te vertel dat jy hoogtevrees het nie! Ek ly ook daaraan," voeg Mike hulpeloos by.

Sonder omkyk klim ons ander drie af na die lysie toe. Die grot is duidelik al deur vele voorgangers as veilige vesting gebruik. Ons kry selfs ŉ klompie droë hout en gou knetter ŉ gesellige vuurtjie by die grot se bek.

Dan word die stilte van die afgronde verbreek. Alain is duidelik ontstoke.

“Ag nee, my liewe magtig, man!”

Dit was so lank gelede dat ons oor die Drakensberge gestap het, dat ek weer by Alain moes gaan kers opsteek oor wat ek nou skryf. Ek wil so na as moontlik aan die waarheid bly en sommer ook sy perspektief kry oor daardie epiese staptog.

Hy vertel my toe ons by die grot aankom, wou Mike en toe later ook Esther, nie oor die steil krans afklim tot in die Ledgersgrot nie en dit kos hom toe om saam met die twee hoogtebevreesdes in ’n tent op die rand te slaap. Ons ander klomp lê ewe snoesig onder in die grot. Dit was nog alles wel, maar toe Mike ’n vreeslike groot rubberhamer uithaal om tentpenne mee in te slaan, toe het hy dit heeltemal verloor. ’n Helse ekstra gewig in die rugsak, wat hy nogal moes help dra, en dit om penne mee in te slaan in ’n berg met oorgenoeg klippe! Is dit dié jong man se ingenieurslogika? Maar hy bewonder hom darem dat hy nooit gekla het nie, behalwe die hoogtevrees. Alain sê daardie hamer is byna oor die afgrond gesmyt. Vandag, as dit weer moet gebeur, sal hy dit wragtig doen!

Vanaf Ledgers tot bo in die Mlabonjepas was dit ’n lieflike dag. Ons slaan vroegmiddag naby die rivier kamp op en lê in een tent en gesels. Mike deel kaas en ’n groot vet salami onder ons uit. Ons spoel dit met slangbytserum af. Dit was vrek koud ten spyte van die sonskyn. So elke dan en wan kom daar mis vanuit die Suid-Afrika-kant oor die eskarp geborrel. Alain moes ook nog die paadjie vanaf die bopunt van die Mlabonjepas gaan soek. Gelukkig vir ons was hy in die kol, ten spyte van die mis. Met die son se sak het die mis dik en donker oor ons toegemaak.

Douvoordag maak Mike ons wakker. In elke hand het hy ’n stomende beker boeretroos met kondensmelk. Daarby kry ons lang, spierwit anysbeskuite wat Esther se ma spesiaal vir die ekspedisie gebak het. Met nuwe lewe in ons lywe, slaan ons die tent in ’n japtrap af. Dit neem amper die hele dag om af te stap. Laatmiddag sien ons die rokies uit die kaggelskoorstene in die kamers van die Cathedral Piek Hotel draai. Daardie aand word daar lank en salig gebad in wolke van skuim met ’n bier in die hand. Welverdiend.

Ons kry vir ons ’n tafel in die restaurant waarby ons almal kan sit en vier ons suksesvolle ekspedisie oor die Drakensberge.

**Hoogs akkurate “gatkruip”**

Die oordragtonnel waarop ek gewerk het, het begin einde se kant toe staan. Twee reuse - tonnelboormasjiene van ongeveer 700 meter in lengte elk, het van twee kante na mekaar toe geboor. Een vanaf Muela in die laaglande, waar hulle ook ’n hidroëlektriese kragstasie in die berg ingebou het, en die ander een vanaf die inlaattoring aan ons kant van die berg. Hierdie 45 kilometer lange tonnel van 5 meter deursnee sou dan sowat 30 swembaddens per sekonde vanaf die Katse dam na Suid-Afrika lewer.



Die twee opmeters wat verantwoordelik was vir die rigtinguitleg van die twee masjiene, het al hoe meer senuweeagtig begin word soos die twee masjiene al hoe nader aan mekaar gekom het.

Onthou, daardie tyd was GPS nog in babadoeke en moes die twee van buite af hul opmetings vanaf bakens buite die tonnels, inneem en oordra na die boormasjiene vir meer as 20 kilometer elk. Daarby moes hulle nog die aarde se oppervlakskurwe ook in ag neem. Hendrik Bosman, ons opmeter, het twee weke voor die beplande deurbraak van die masjiene, met verlof gegaan. Hy kon die spanning net eenvoudig nie meer uithou nie.
Ek was bevoorreg om na middernag, in die tonnel te kon wees met daardie geskiedkundige gebeurtenis. So ŉ deurbraak geskied met groot feesviering sommer daar en dan in die tonnel. Die manne van die twee spanne van die masjiene het gesorg vir genoeg Franse sjampanje al was dit onwettig. Groot was die verligting en die trots toe die vertikale en horisontale verskille tussen die twee tonnels maar minder as 2 duim was. Voorwaar ŉ prestasie in akkuraatheid.

**Die twee TBM-spanne ontmoet by die deurbraak**



**Jors Troelie erken die prestasie van die spanne**

Twee weke later daag ŉ e-pos uit Hongkong op: Wil ek dalk op ŉ projek in die Verre Ooste gaan werk?